

# **Braford Stoet Veilings:**

## **Voorwaardes van die Genootskap:**

Elke Stoet dier aangebied om u veiling moet oor die volgende dokumentasie beskik alvorens u die veiling kan huisves “Onder Beskerming van die Telersgenootskap” Die betrokke dokumentasie moet die kantoor ten minste 7 werksdae voor u veiling bereik, sodat die nodige verifikasies kan plaasvind.

1. **Registrasie Sertifikaat** uitgereik deur die Genootskap vir Volgeregistreerde Diere, Manlik sowel as vroulik. (m.a.w. diere wat reeds deur ‘n Senior Keurder goedgekeur is as Stoetdiere)
2. **Inspeksie Sertifikaat** uitgereik deur die Genootskap vir Ongekeurde Diere wat nog in die kalfboek Afdeling verskyn. (Die diere is dus nog nie gekeur as stoet nie, aangesien hul te jonk is, m.a.w. onder die ouderdom van 18 mnde).
3. **Veeartsverslag:** Vertiliteits sertifikaat, Skrotum omtrek en Inentings soos geadverteer met veiling.
4. **Bloedtipering (DNA):** Alle manlike diere op u veiling wat verkoop word vir Stoet doeleindes moet deur die Verkoper voor die veiling of deur die Koper voor gebruik op die Stoetkudde gebloedtipeer word.
5. **Senior Inspeksie:** Alle diere geselekteer vir u veiling, is onderworpe aan ‘n Veilings inspeksie deur ‘n Senior Keurder. Al bogenoemde verslae sowel as u **veilingskatalogus** moet op die dag van die goedkeuring beskikbaar wees vir die Keurder.

## **Voordeel vir die Teler:**

1. Die Teler word beskerm met die wete dat die Genootskap die Verantwoordelikheid aanvaar vir die geldigheid van die Registrasie Sertifikaat van die betrokke diere, die Teelwaarde uitslae asook die algemene Gesondheid van die dier (soos getoets in die veeartsverslag). Hierdie dokumente word deur die Genootskap vereis voor daar toestemming deur die Genootskap aan die Betrokke Teler verleen word om die Veiling: “Onder die Beskerming van die Genootskap” te huisves.
2. Die Teler sal voortaan ook diere aankoop op veilings met die wete dat die herkoms van die dier, inligting vervat in die katalogus akkuraat en geldig is.
3. Die Teler bekom die geleentheid vir blootstelling en advertensie deur die Genootskap vir sy veiling op o.a. die webblad, Jaarkalender ens.
4. Katalogusse vir veilings kan deur die kantoor teen ‘n koste saamgestel word.

## **Voordeel vir die Genootskap:**

1. Die Genootskap behou die reg om enige dier, wat nie aan die standarde van die Ras voldoen, te onttrek aan die veiling.

## **Oordrag van Eienaarskap:**

1. Telers moet binne 30 dae die nodige oordrag van verkoopte diere aan die Telersgenootskap deurgee. Oordragvorms is beskikbaar op die Braford Webblad.

Die oorspronklike sertifikate van diere verkoop, moet aan die kantoor deurgestuur word na voltooiing van die keersy.

2. Die Oordrag moet vergesel word van 'n afskrif van die Afslaersrol.
3. Kommissies soos bepaal deur die Genootskap is betaalbaar alvolrens enige oordrag kan plaasvind.